KOMPOSTEE

Hoekom kompostee ? Wat is so spesiaal aan kompostee?

Kompostee is in my oë ‘n unieke produk. Ek het in Augustus 1996 begin op Lochlo. Die bome op die plaas was oorheersend saailing onderstamme. Ek het gesukkel om die bome aan die groei te kry. Almal sê die bome is te droog. Kyk jy in die ry af, staan die paspalm gras 6 voet hoog. Paspalm is tog ‘n teken van nat grond. Verdere ondersoek het aangedui dat ek ‘n bloedluis probleem het. Onder die boom op die bankie was een harde kors van boomwortels wat vol bloedluis is. Die Granny Smith appels was veral oestyd vol bloedluis. My nuwe aanplantings Pink Lady’s was ook tydens oestyd besmet met bloedluis 2001 / 2002. Na vele pogings met Confidor, bankies rip, snoei metodes, water skedules kon ek nog steeds nie daarin slaag om my bome se produksie te verbeter nie.

Junie 2008 hoor ek van Kompostee, maar ek was self baie twyfelagtig. Ek het rond gebel en rond gery . Aanvanklik het die tee makery vir my na moeite geklink en selfs ook die uittap na elke boord. My navorsing het gewys dat die Kompostee op sy eie goed kan werk.

Ek het die besluit geneem om Kompostee ‘n kans te gee. ‘n Halwe kans is nie ‘n kans nie, ek het voluit daarvoor gegaan. Ek het besluit om die hele plaas te Kompostee.

September 2008 het ek die twee tenke geinstalleer. Ek het een van die werkers geleer hoe om die Tee aan te maak en na 48 uur uit te tap in die boorde. Ek het mikro op die hele plaas, so dit is maklik om dit deur die besproeing te sit.

Terwyl ek besig was met my navorsing het ek tot die besef gekom dat Kompostee beter werk as daar ‘n deklaag is. Die bankie word nie so warm nie en die mikrobes het ‘n beter kans om te oorleef. Waar kry ek nou genoeg materiaal vir ‘n deklaag? Maklik , ek spuit byna nie meer onkruid nie. Sodra die vuilgoed doodgaan, gaan lê dit en dis ‘n lekker deklaag. Alle snoei takke pak ek onder die boom, dik takke, dun takke, alles wat hout is. In die winter gaan lê al die blare tussen die takke. Ek het my onkruidkar verander na ‘n komposteekar. Sonder ekstra kapitaal uitleg of ekstra lopende koste (aankoop van chips , mulcher) het ek ‘n goeie deklaag gevestig die afgelope 2 jaar.

Nou die groot vraag : Sien ek resultate na 16 maande? (‘n seisoen en ‘n half)

Ja! Soos ek in die begin gesê het , my bankies was hard en water kon nie ingaan nie. Confidor het alles dood gemaak in die grond . Dit is ongelooflik om te sien hoe die ertwurms ewe skielik die grond omdol. As jy die deklaag wegkrap, is die kors gebreek en water kan ingaan. Orals is ertwurm (grond) hopies, jy sien die lewe in die grond. Ek het die afgelope 2 jaar geen bloedluis behandelig toegepas nie. Ek het eerstens die gif gespaar en ek het geen vrug skade. Ek sien selfs dat uit die ou knop wortels (bloedluis wortels) nou nuwe wortels vorm. Kalanders was een van my grootste probleme. Die laaste twee jaar sit ek geen kalanderbande op nie en ek kry weinig blare wat gevreet is en geen vrugskade nie. Ja ek gebruik nog Steward om mot , kalander en bolwurm te beheer. Almal weet dat een spuit nie genoeg sal wees om kalander hok te slaan nie, maar ten spyte hiervan kry ek nie skade nie.

Verder lyk my grondontledings na die eerste seisoen se toediening van Kompostee uitstekend teenoor ander jare. Daar was meer spoorelemente beskikbaar vir die boom. Ek kon na die eerste seisoen van Kompostee my bemesting met amper die helfte sny. Ek kan ook sien die bome lyk meer gelukkig - die kleur van die blare , die blaar grootte , die groei op die boom , die hoeveelheid vrugte aan die boom , die vruggrootte en vrugkleur. Daar waar ‘n deklaag lê bly die grond ook langer vogtig , die boom vat langer om in stress in te gaan weens hittegolwe.

Ons almal weet ‘n appelboom verander nie oornag nie en ook nie die grond nie. Ek het my eie tenke opgesit sodat ek beheer het van wanneer die tee reg is, ek kan dus nou my tee maak en uittap wanneer dit my pas. Ek het sommer ‘n klein proef gedoen op my groente tuin, want op eenjarige plante werk die tee vinniger (vinniger resultate). Ek het hier so ‘n klein groentetuin waarin ek aartappels , bone , pampoen en patat plant. Die eerste Aartappels het nie goed gevaar nie . Daarna kry ek goeie opbrengste - plant een suikersak en haal 15 x 10 kg pokkets uit. Die groenbone (Lyhuisvrou) het verlde jaar skaars gedra. Vanjaar groei en dra hulle asof hulle betaal word om te dra. Ek het gate gemaak vir pampoen pitte, ek gooi toe so 2 L tee per gat x 2 keer ‘n week uitmekaar , dis ongelooflik om die verskil te voel in grondstruktuur tussen die behandelde gate en die onbehandelde gate.

Ek gebruik die Neutronvogmeter om die voginhoud te bepaal . Dis asof ek hierdie jaar dit makliker regkry om die vog op optimum vlakke te hou. Ander jare het ek maar gesukkel dat die grond nie te ver uitdroog nie.

Ek behandel my hele plaas - groot bome, jong bome, bome op goeie grond, bome op swak grond. Ek voel net as ek ‘n boom op swak grond beter kan maak, hoekom kan ek ‘n boom wat goed vaar nie ook verbeter nie.

Hendrik Schoeman

(082 7337 006)

Lochlo Plaas